LAERSKOOL VOORPOS
Tel: 012 332-2534 Faks: 012 332-3055 E-pos: lvp@laerskool-voorpos.co.za
Cunninghamlaan 1354, Waverley, Pretoria, 0186
www.laerskool-voorpos.co.za

Klein dade lei tot groot gevolge

Omsendbrief 074 van 2020 8 Junie 2020

WELKOM TERUG GRAAD 7-LEERDERS

Hiermee gee ons graag terugvoering ten opsigte van ons Graad 7-leerders wat op Maandag, 8 Junie 2020 weer terug by die skool is.

Baie geluk aan elke graad 7-leerder wat hul puik vandag gedra het. Dit was vir ons 'n wonderlike ervaring gewees om al 71 van ons graad 7-leerders terug by die skool te ontvang het.

Die personeel was 06:30 gereed om ons leerders te ontvang. Teen 07:45 was al ons leerders in die vierkant. Die klok het om 07:50 weer in 'n baie lank tyd gelui!! Mnr Tonie van der Westhuizen het die graad 7-leerders hartlik verwelkom. Mnr Philip Kemp het 'n paar veligheidsmaatreëls deurgegee en die noodsaaklikheid om dit na te kom, beklemtoon. Daarna het die graad 7-leerders in klasverband na die onderskeie klasse verdaag.

Mev Erika van der Merwe het by elke graad 7-klas 'n draai gemaak en meer breedvoerige inligting rakende COVID-19 gegee. Sonder om enige verdere tyd te mors, het die onderwysers weggespring en klas begin gee.

Me Samu Msiza, van die Departement van Onderwys het vanoggend ons skool besoek en was heeltemal tevrede dat ons skool aan die nodige COVID-19 veiligheidsregulasies voldoen.

Rapporte
Mnr Brandt Dorfling gaan 'n afskrif van die graad 7-leerders se graad 6, Kwartaal 4-rapport, sowel as hul graad 7, Kwartaal 1-rapport per e-pos stuur. Hierdie kan gebruik word vir aansoek by die hoërskole. Die graad 7-leerders gaan Dinsdag, 9 Junie 2020 hul Kwartaal 1-rapporte van 2020 ontvang.

Skoolwerk
Baie dankie aan ons graad 7-leerders wat so getrou hulle werk by die huis gedoen het. Die personeel waardeer dit regtig baie. Ons moedig al ons ander leerders aan om net so hard by die huis te werk om te verseker dat hulle nie agter raak nie.

Skoolgelde
Baie dankie aan ons ouers wat nog steeds hulle skoolgelde getrou betaal. Dit dra by dat Laerskool Voorpos se hoë standaard van opvoeding en dienslewering verseker is.

KDP en Rekenaargelde
Ons doen 'n dringende beroep op ons ouers om die gelde ook te betaal. Daar is personeel, toerusting en lisensiegelde wat betaal moet word.

Baie dankie aan elke graad 7-leerder en hulle ouers wat verseker het dat hierdie dag 'n groot sukses was.

Vriendelike Voriegroete

Mnr JA van der Westhuizen
WAARNEMENDE SKOOLHOOF